

N.P. Van Wyk Louw deur die oë van Adam Small

Hein Willemse

Hein Willemse, Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Adam Small het 'n durende bewondering vir die digterskap van N.P. Van Wyk Louw gehad. Hy het hom beskou as 'n besonder begaafde denker, “een van die grootste denkers ter wêreld”. Vanaf sy essaybundel *Die eerste steen?* (1961) tot kort voor sy dood in sy rubriek in die *Cape Times*, die Kaapstadse dagblad, het hy sy bewondering verwoord. Sy belangstelling lei onder meer tot die bundeling van 'n aantal vertalings van Louw se gedigte met die titel *Oh wide and sad land* (1975), wat dien as 'n projek om Louw aan 'n breë, hoofsaaklik Engelssprekende leserspubliek bekend te stel. Small tree dus op as 'n kulturele bemiddelaar, 'n kulturele vertaler tussen die Afrikaanse Van Wyk Louw en 'n breë Engelssprekende publiek. In die artikel word aspekte van hierdie kulturele bemiddeling ondersoek. Aanvanklik word 'n aantal kort aantekeninge gemaak oor die begrippe *kulturele bemiddeling* en *kulturele vertaling* waarna Small se vertalings van Louw se gedig “Nietzsche” as voorbeeld van “transkulturele bemiddeling” ondersoek word. 'n Samehangende aspek van Small se kulturele bemiddeling, naamlik sy nawoord tot *Oh wide and sad land*, word daarna bespreek om aan te toon watter Louw-perspektiewe aan nie-Afrikaanssprekendes bekendgestel word. 'n Derde aspek van Small se kulturele bemiddeling, naamlik die wyse waarop hy Louw indink in eietydse kultuursituasies, word bespreek met verwysing na sy kommentaar oor huidige taalpolitieke kwessies. In die loop van die bespreking word aangetoon hoe Small soms problematiese aspekte van Louw se opvattinge onderbeklemtoon ten gunste van gunstiger en meer positiewe interpretasies van sy denke. In die slotgedeelte word die verskillende fasette van die artikel saamgetrek in 'n beskouing oor “die soort mens” waarvan Small in sy gedig “Klawerjas” uit die gelyknamige bundel gewag gemaak. Die soort mens wat Small uit sy omgang met Louw abstraheer, is 'n mens van die intellek wat hom bó die waardes van die massa bevind.

Trefwoorde: Afrikaneridentiteit; kulturele bemiddeling; kulturele vertaling; Louw, N.P. Van Wyk; Small, Adam

Abstract**N.P. Van Wyk Louw through the eyes of Adam Small**

This article is a revised version of the 2016 N.P. Van Wyk Louw Memorial Lecture presented at the invitation of the University of Johannesburg.

Adam Small had enduring admiration for the Afrikaans poet N.P. Van Wyk Louw from his first collection of essays *Die eerste steen?* (The first stone?, 1961) until his last column in *The Cape Times*, a Cape Town daily, published shortly before his death. He regarded Louw as an exceptional thinker, “one of the greatest thinkers in the world” and the Afrikaans language’s “noblest mind”. His early admiration resulted in a collection of translations of Louw’s poetry, entitled *Oh wide and sad land* (1975), in which he introduced the doyen of Afrikaans poetry to a broader, English-speaking readership. Small’s translations comprise a selection from Louw’s collections from *Alleenspraak* (Soliloquy, 1936) to *Tristia*, including extracts from *Die dieper reg* (The deeper right, 1942), *Raka* (1941) and *Die pluimsaad waai ver* (The plumed seed blows far, 1972). These translations represent Small’s personal canon of Louw’s poetry but also suggest, to some degree, the ideas, the subject matter and poetic craftsmanship that appealed to him. In his afterword entitled “Towards cultural understanding” Small relies on two of Louw’s essay collections, *Lojale verset* (Loyal resistance, 1939) and *Liberale nasionalisme* (Liberal nationalism, 1958), from two quite distinct periods in the Louw’s development as a poet-philosopher. Small formulates this broader aim with his collection as follows:

This book is intended to be more than merely a book of Afrikaans verse in translation. It wishes more than anything else to be a contribution towards alleviating what I consider to be one of the maladies of our South African tradition: a lack of truly cultural – I stress *truly cultural* — communication between English and Afrikaans in the country. (Small 1975a)

Further illustrations of the affinity that Small felt for Louw are his frequent referencing of him in his various speeches, writings and poetry, for instance in his last collection, *Klawerjas* (2013 – the title refers to a popular South African card game akin to “klaverjas” or “klaberjass”), he again directly references Louw. Small even quotes from a letter Louw sent to him on receiving a gift copy of *Die eerste steen?*. Such is the bond Small felt with Louw that this letter is printed on the inside covers of this collection.

A point of departure for Small is that Louw is not recognised across all sectors of South Africa as one of its key thinkers and primary poets, since many people who “live in English” do not have access to his thinking or writing. Louw’s preferred language of communication and creative expression was Afrikaans. Small’s translations into English therefore serve as an introduction to and mediation of this key Afrikaans cultural figure. The article discusses these acts of translation and cultural mediation.

When Small raised the possibility of “cultural communication” in the early 1970s the subject field of “cultural mediation” barely existed. Even if somewhat fuzzy, the concept is widely recognised and its methodologies practiced in many societies today, especially with reference to the exchange of knowledge across social boundaries, be it in the arts or with respect to social and scientific phenomena. In multicultural countries like Canada, cultural mediation is

regarded as “the process of building bridges between the cultural and social realms, and the building of new relationships between the political, cultural and public spheres” (Culture pour tous s.j.). Cultural mediation serves as a way of breaking down barriers through exposure, interaction and involvement. Translation may be regarded as one such strategy to disseminate information and knowledge across language barriers.

Theoretically, the article is informed by perspectives on translation and cultural mediation put forward by Paul Ricœur, Susan Bassnett, Claude Boisson, Samuel Kolawole and Adewuni Salawu, and Kate Sturge. The act of translation connects two different parties and two different worlds: the writer as a stranger and the reader as the recipient of a translated work (Ricœur; Sturge). The translator may even be seen as the writer’s “representative” in a new cultural context, making texts that would have been limited to a monolingual context available to a different, wider world (Sturge). Translation is a form of intellectual construction in which the translator filters, reorganises and even fictionalises the original; translators therefore become cultural mediators with intercultural competencies (Bassnett).

The article initially undertakes a brief close reading of Louw’s poem “Nietzsche”, published in 1937, followed by an analysis of Small’s translations of it, the first in the collection *Oh wide and sad land* in 1972 and the second in his last newspaper column in 2016. It is found that although Small presents a fairly faithful translation of the poem in 1972 he distorts somewhat aspects of the poem, thereby not achieving the multiplicity of meaning suggested by the original. In his second attempt Small recreates the original in a process known as “déverbalisation” (Boisson) where the context of the original is grasped but not rendered faithfully with the underlying meanings translated into the target text. Both translations fulfil Small’s intended purpose of introducing Louw to a broader, non-Afrikaans reading public, although along different routes: the first as an example of the faithfulness approach, the second as an example of the interpretation approach.

The second section of the article discusses Small’s afterword in *Oh wide and sad land* in which he introduces Louw’s “cultural philosophy”. Small’s perspective is that cultural identity in South Africa functions as “a fixation of dispositions”, “a static disposition”, i.e. a way of “categorizing men” rather than opening up the possibilities of “communication between men”. Such an approach leads towards “misunderstanding” with the youth imbibing “this separationist view of culture”. He argues for an approach that “hints at” “tolerance”, “compassion”, “love of a realistic kind”, “a humanity, which stand a chance of really coping with a multi-racial, multi-coloured, multi-cultural South Africa”. He therefore attempts to draw on “the very lucid mind” of Louw and his concept of *culture*. Although he recognises that Louw exhibits “the same hesitancy as Afrikanerdom at large” he displays an understanding that “one’s culture is a way towards understanding and living with other men, including men of another culture”; “one’s culture [...] is not a closed circle, holding one inside, but an open circle, or half circle.”

It is found that as a cultural mediator, Small in his eagerness to introduce Louw to English-speaking South Africans, and in one instance, to young black South African students, may be reconstructing Louw’s position. He overemphasises Louw’s late perspectives on culture while underemphasising his political views that favoured a form of political separation between white and coloured South Africans on the one hand and black South Africans on the other. A sympathetic Small sees in Louw’s approach to cultural relations “a deep rejection of blood” – as a sign of seeking out a common inherent humanity. The article contradicts

Small's perspective and points out that Louw's earlier views on Afrikaner culture clearly drew on the "pure blood" nationalist politics of the 1930s.

The image that Small cultivates of Louw is that of an authority committed to rational intellectual discourse. Small's third instance of cultural mediation is his commentary on contemporary social and political issues. One instance is highlighted, namely his view that Louw would have responded positively to Stellenbosch University's Council's broadening of its language policy, changing the position of Afrikaans as medium of instruction. Small's positive view was countered by several commentators, including Louw's son.

The article concludes that Small's cultural mediation is informed by his admiration of Louw. Although Louw was certainly an important South African thinker and poet, Small may be overstating his global position; similarly, by underemphasising Louw's political views in favour of his positive late-cultural views he may be reconstructing his position. Small's favourable view may be influenced by the interests they shared in philosophy and an approach to intellectual exchange that privileges the spiritual rather than the material.

Keywords: Afrikaner identity; cultural mediation; cultural translation; Louw, N.P. Van Wyk; Small, Adam

1. Inleiding

Agt dae voor sy dood het Adam Small in sy rubriek in die Kaapstadse dagblad *Cape Times* op 17 Junie 2016 breedvoerig oor die werk en lewe van N.P. Van Wyk Louw geskryf. Hy stel sy agting vir dié digter onomwonde: "In my book, only word artists like Gerard Manley Hopkins, or Dylan Thomas, D.J. Opperman, Vachel Lindsay, Phillis Wheatley, let's say, or W.H. Auden, wrote comparable poetry (in a tradition dating back to antiquity)" (Small 2016:6). Dié beskouing het nie almal se goedkeuring weggedra nie. Een koerantleser het só gereageer: "I am really sick of being exposed to Adam Small's articles in which he never fails to mention N.P. Van Wyk Louw and this week you afforded him a whole article on what he calls 'poetic mastery'" (aangehaal in Salie 2016:6). In verdere reaksie hierop het die *Cape Times*-redakteur besluit om die aflewering 'n paar dae na Small se dood te herpubliseer met die inleiding: "In honour of both poets we repeat this piece [...]." Ten minste in hierdie Kaapse koerant omraam Van Wyk Louw die figuur en heengaan van Adam Small.

Small se bewondering vir Louw is welbekend. In 'n koerantonderhoud sê hy: "Van Wyk Louw was 'n gróót, gróót denker. Indien hy in enige ander taal geskryf het, sou hy die Nobelprys gekry het. Ek dink hy is een van die grootste denkers ter wêreld. En die nederigheid van die man [. . .] Ja, ek het die grootste waardering en respek vir Van Wyk Louw en sy intellek" (La Vita 2016). In talle rubrieke, artikels, onderhoude en toesprake het hy oor die jare gereeld die werk van Louw met goedkeuring aangehaal of daarmee in gesprek getree. Trouens, Small huldig Louw ook vir sy eie vorming. In 'n oorskou oor sy beleving van Afrikaans skryf hy in Mei 2015: "Wat my Afrikaanse vorming betref, sal ek nie nalaat om ons groot digter-filosoof te noem nie: N.P. van Wyk Louw. Een van die mooiste oomblikke in my lewe is my kennismaking met Louw. Ek het op 'n keer by hom aan huis gekom" (Small 2015). Reeds in 1961 in sy essaybundel *Die eerste steen?* maak hy die stelling dat hy Louw in die geselskap van drie hervormers van die hoogste orde sou plaas,

naamlik “Christus, die miskien donkerkleurige Jood; Sokrates, die lelike ou stompneus Griek; en die Deen, Søren Kierkegaard, ’n gebreklige boggelug” (s.j. [1961]:81, 83). Nee, sê Small, hy wil Louw “nie ’n groot man of ‘n genie’ maak nie. Presies nie dit nie. Hy [Louw] wil onself maar net *konfronteer* met een van ons eie” (s.j. [1961]:84).¹

In 1975 lei Small se belangstelling tot die bundeling van ’n aantal vertalings van Louw se gedigte met die titel *Oh wide and sad land*. Sy doel is om Louw aan ’n Engelssprekende publiek bekend te stel. In sy voorwoord skryf hy:

This book is intended to be more than merely a book of Afrikaans verse in translation. It wishes more than anything else to be a contribution towards alleviating what I consider to be one of the maladies of our South African tradition: a lack of truly cultural — I stress *truly cultural* — communication between English and Afrikaans in the country.” (Small 1975a)

Small praat in die idioom van die 1960’s oor die gebrek aan kommunikasie tussen Engels en Afrikaans, ’n oorblyfsel van ’n denkstroming wat oorgeneem is van die tyd voor en ná Uniewording en die versugting om versoening tussen wit Suid-Afrikaners teweeg te bring. Hy voeg egter by dat sy teikengehoor diegene insluit wat uitsluitlik in Engels leef. Small se vertalings verteenwoordig ’n keur geneem uit Louw se poësiebundels vanaf *Alleenspraak* tot *Tristia*, insluitende uittreksels uit *Die dieper reg* (1942), *Raka* (1941) en *Die pluimsaad waai ver* (1972). Die vertalings verteenwoordig ’n persoonlike kanon van Louw-verse en suggereer iets van die idees, die onderwerpe en die poëtikale ambagtelikheid wat tot Small spreek.² In sy nawoord getiteld, “Towards cultural understanding”, steun Small hoofsaaklik op Louw se *Lojale verset* (1939) en *Liberale nasionalisme* (1958). In hierdie konteks word Small ’n kulturele bemiddelaar, ’n “kulturele vertaler”, tussen die Afrikaanse Van Wyk Louw en ’n breë Engelssprekende publiek.

’n Verdere illustrasie van Small se bewondering vir Louw vind ons in sy laaste bundel, *Klawerjas* (2013). In dié geval “omgord” Louw se aanwesigheid die bundel. Op die binneskutblaai is ’n afdruk van sy handgeskrewe brief, 17 Julie 1961 gedateer, en geskryf ná ontvangs van ’n geskenkeksemplaar van *Die eerste steen?*. Gewoon dié feit suggereer dat die brief vir Small besondere betekenis ingehou het, ’n suggestie wat versterk word wanneer ons ’n strofe in die titelgedig lees waar Louw woordeliks aangehaal word:

Lank gelede, meer as ’n halfeeue lank,
skryf jy vir my ’n brief, verwysend na die
onregstelsel van die tyd, apartheid:
Net soos u self, skryf jy, wanhoop ek soms
maar wat kan ons soort mens vandag anders
doen as skryf waar jy kan, praat waar jy kan?
Probeer oorreed?

Die beeld wat Small van Louw opbou, bestaan hoofsaaklik uit verspreide uitsprake oor ’n tydperk van meer as 50 jaar. Met dié gedig, opgedra aan Louw, identifiseer hy duidelik met die digter-intellektueel en haal hy in verskeie gedigte in *Klawerjas* die verwysing na “ons soort mens” met goedkeuring aan (kyk “El Greco” en “Versoeningsgebed vir Nelson Mandela”).

In hierdie artikel word fasette van Small se kulturele bemiddeling van Van Wyk Louw ondersoek. Aanvanklik word kort aantekeninge gemaak oor die begrippe *kulturele bemiddeling* en *kulturele vertaling*; daarna word Small se vertalings van Louw se gedig “Nietzsche” as voorbeeld van transkulturele bemiddeling behandel. ’n Samehangende aspek van Small se kulturele bemiddeling, naamlik sy nawoord tot *Oh wide and sad land*, word bespreek om aan te toon watter Louw-perspektiewe aan nie-Afrikaanssprekendes bekend gestel word. ’n Derde aspek van Small se kulturele bemiddeling, naamlik die wyse waarop hy Louw índink in eietydse kultuursituasies, word hanteer met verwysing na sy kommentaar oor huidige taalpolitieke kwessies. Ten slotte word verskeie fasette van die artikel saamgetrek in ’n beskouing oor “die soort mens” waarvan Small in sy gedig “Klawerjas” gewag gemaak.

2. Oor vertaling as kulturele bemiddeling

Die kwessie van vertaling as kulturele bemiddeling word ingegee deur Small se uitdruklike doel met sy bundel vertalings, naamlik om die gebrek aan kulturele kommunikasie in Suid-Afrika te oorbrug. Small se aanname is dat taal – hier met name Afrikaans – Louw se intellektuele en kulturele invloed afsper van die res van Suid-Afrika wat nie Afrikaans magtig is nie, of nie in die invloedseer van die Afrikaanse kultuur val nie. Hy wil dus Afrikaans se “edelste gees”, soos hy dit in sy voorwoord stel, voorstel aan die “Engelssprekende” Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Toe Small destyds in die 1970’s die moontlikheid van “kulturele kommunikasie” geopper het, het die begrip *kulturele bemiddeling* (in Frans: *médiation culturelle*; in Duits: *Kulturvermittlung*; in Spaans: *educación cultural*; in Engels: *cultural mediation*) skaars bestaan. Vandag word die begrip internasionaal aangewend, veral met verwysing na prosesse waar kennis oor die kunste of maatskaplike of wetenskaplike verskynsels oor maatskaplike grense heen deur uitwisseling opgedoen word. Die begrip is so omvattend dat sommige Switserse kommentators dit beskou as ’n newelagtige versamelnaam (“unscharfe Sammelbegriff”) (Zeit für Vermittlung s.j.:15).³ In multikulturele lande soos Kanada word kulturele bemiddeling gebruik as “the process of building bridges between the cultural and social realms, and the building of new relationships between the political, cultural and public spheres” (Culture pour tous s.j.). Uiteraard dien kulturele bemiddeling om individue en groeperinge in te sluit deur blootstelling, sodat interaksie en betrokkenheid maatskaplike skanse kan afbreek (kyk Culture pour tous s.j.). Vertaling word beskou as een van die vernaamste kulturelebemiddelingstrategieë om inligting en kennis oor taalgrense heen te versprei (Bassnett 2011:95).

Teoreties is daar eenstemmigheid dat vertaling die doel dien om die beperking wat ’n besondere taal ingee, op te hef en die skrywer aan ’n nuwe leserspubliek bekend te stel. Paul Ricœur stel in *Sur la Traduction* (Oor vertaling, 2004) die vertaalaksie op as ’n verbintenis tussen twee partye: die skrywer as vreemdeling en die leser as ontvanger van die vertaalde werk:

Deux partenaires sont en effet mis en relation par l’acte de traduire, l’étranger – terme couvant l’œuvre, l’auteur, sa langue – et lecteur destinataire de l’ouvrage traduit. Et, entre les deux, le traducteur qui transmet, fait passer le message entier d’un idiome dans l’autre. (Ricœur 2004:8–9)

Twee partye word in werklikheid verbind deur die vertaalaksie, die vreemde – ’n term wat die werk, die skrywer, sy taal dek – en die leser, die ontvanger van die vertaalde werk. En, tussen die twee, die vertaler wat die volle boodskap oordra, vanaf een idioom na ’n ander.

In dié opsig beroep Ricœur (2004:9, kyk ook 43) hom op ’n paradoks waarop Franz Rosenzweig wys, naamlik:

[T]raduire, dit-il, c’est servir deux maîtres: l’étranger dans son œuvre, le lecteur dans son désir d’appropriation. Auteur étranger, lecteur habitant la même langue que le traducteur.

[O]m te vertaal, sê hy, is om twee meesters te dien: die vreemdeling in sy werk, die leser in sy begeerte om in te neem (*d’appropriation*). Die vreemde skrywer [en] leser bevind hulle in dieselfde taal as dié van die vertaler.

Vir Kate Sturge in *Representing others: translation, ethnography and museum* (2007) dien die vertaler as ’n verteenwoordiger van die skrywer in ’n nuwe kulturele konteks, en tekste wat in ’n eentalige kulturele omgewing beperk bly, word deur vertaling aan ’n ander – ’n groter – wêreld blootgestel (Sturge 2007:1–4).

Wat die aard van vertaling betref, kom vertalers altyd volgens Ricœur (2004:14; kyk ook 39) te staan voor ’n onmoontlike taak – die messiaanse *égo* (“*écho messianique*”) van suiwer taal (“*pur langage*”) – waar, in ’n goeie vertaling, die brontekste en teikentekste moet ooreenkom met ’n derde, niebestaande teks, die perfekte vertaling, maar volgens hom moet die ideaal van ’n volmaakte vertaling laat vaar word: “*renoncer à l’idéal de la traduction parfaite*” (Ricœur 2004:18, 16). Bassnett (2011:95) bevestig dié gevolgtrekking dat vertaalteoretici erken dat volkome ekwivalensie tussen tale nie moontlik is nie. ’n Goeie vertaling kan dus hoogstens probeer om ekwivalensie te bereik: beteken “*Cette équivalence ne peut être que cherchée, travaillée, présumée*” (Ricœur 2004:40) [Hierdie ekwivalensie wat miskien nie anders as gesoek, gewerk en veronderstel word nie]. *Ekwivalensie* is ’n kernbegrip in vertaalteorie, maar soos Bassnett (2011:95) aandui: “[T]he emphasis has shifted away from endeavouring to see equivalence in terms of sameness between languages, and more towards exploring ideas of equivalent effect.”

Vertaling is nie net ’n meganiese proses nie, maar ook ’n vorm van intellektuele konstruksie en skepping waarin die vertaler teks en konteks filtreer, herorganiseer en selfs fiksionaliseer. Vertalers word daardeur kulturele bemiddelaars met interkulturele kompetensie (kyk ook Bassnett 2011:104, 106). In die proses van vertaling word die oorspronklike diskoerse en betekenis in die teiken kulturele omgewing geherkonstrueer.

Ricœur (2004:55) formuleer dié perspektief soos volg:

Les traducteurs le savent bien: ce sont des textes, non des phrases, non des mots, que veulent traduire nos textes. Et les textes à leur tour font partie d’ensembles culturels à travers lesquels s’expriment des visions du monde différentes, qui d’ailleurs peuvent s’affronter à l’intérieur du même système élémentaire de découpage phonologique, lexical, syntaxique, au point de faire de ce qu’on appelle la culture nationale ou communautaire un réseau de visions du monde en compétition occulte ou ouverte ...

Vertalers weet dit goed: dit is die teks, nie die sinne, nie die woorde nie, wat ons tekste probeer vertaal. En die tekste is op hul beurt deel van kultuurgroepe waarmee verskillende visies van die wêreld uitgedruk word, visies wat met mekaar meeding in dieselfde elementêre stelsel van fonologie, [die] leksikale, [die] sintaktiese, tot die mate dat wat genoem word die nasionale of gemeenskapskultuur [in die geheim of in die oopte wedjwer] in 'n netwerk van visies van die wêreld ...

Vertaling word in dié verband 'n kulturele en sosiale verskynsel.

Wat Ricœur in diskursiewe terme beskryf, het vir Bassnett (2011:99) ekonomiese en politieke belang. Sy noem as voorbeeld die internasionale opbloei van Latyns-Amerikaanse letterkunde nadat skrywers soos Gabriel Garcia Marquez, Mario Vargas Llosa en Carlos Fuentes in Engels vertaal is:

The so-called “boom” [...] was a direct result of skilled translation into English and good marketing. The market power of the English-speaking world has meant that many Latin-American, African and Indian writers have felt compelled to publish in that language, either opting for English as their writing language or by having their work translated. (Bassnett 2011:99)

Small plaas in sy voorwoord nie die mark of die bemerkingsmoontlikhede van die vertaalde Louw op die voorgrond nie, maar eerder die sosiokulturele belang van sy poësie. Gedagtig aan die posisies wat Louw vir die grootste deel van sy lewe, en in die geval van Small, die 1960's en 1970's, beklee het, word die vertaling 'n poging om uiteenlopende maatskaplike grense te oorkom. Small word 'n tolk en 'n vertolker wat die Afrikaanse Louw deur vertaling aan 'n groter lesersgroep en ander (Suid-Afrikaanse) diskoerse wil blootstel (kyk ook Sturge 2007:5). Soos Ricœur hier bo aandui, word 'n vertaling deel van “'n netwerk van visies” waarmee met die bemiddeling van die vertaler klas-, ras-, politieke en streeksgrense oorgesteek word (kyk ook Wilson 2011; Sturge 2007:57).

Literêre vertaling, en spesifiek poësievertaling, is besonder moeilik, omdat die samehang tussen woord, sin en klank 'n hegte eenheid vorm (Ricœur 2004:11). Dikwels word die “fidélite/trahison”, betroubaarheid/verraad-dilemma of die “traduttore/traditore”, vertaler/verraad-dilemma in dié opsig betrek (Ricœur 2004:39; Bassnett (2011:97). Die spanning wat ontstaan, is dié tussen die slaafse navolging van die oorspronklike teks en die vertaler se kreatiwiteit: hoe ver kan die vertaler van die oorspronklike afwyk? (Bassnett 2011:97). Lawrence Venuti (in Bassnett 2011:98–9) meen selfs dat vertalers hulle moet verset teen die illusie van gladde vertaling (“the illusion of fluency”), naamlik die indruk dat die teks nie vertaal is nie, omdat vertalers daardeur gemarginaliseer word. Hy voer aan dat die vertaler met vervreemdingstrategieë (“foreignization”) sy/haar teenwoordigheid moet aandui.

Bassnett (2011:105) deel die siening van die Skopos-navorsers dat “vertaling in konteks” grotendeels 'n kulturele benadering geword het:

They argued that the objective of a translation would determine how it was translated – in other words the function a translation was intended to have would then play a direct role in the actual process of translating. This meant, at its simplest, that a translation could be highly effective and could fulfil its original purpose and yet could

deviate enormously from the source. [...] The Skopos approach dismisses the idea of literal or even close translation and opts instead for a functional translation strategy, one that will serve the purpose for which the translation is being undertaken. The approach is underpinned by the idea of equivalent effect; hence there is a totally different concept of what constitutes equivalence. The task of the translator who follows this functional method is to read, decode, and then reconstruct a text for a target audience, bearing in mind differences not only of linguistic structure, style, and vocabulary, but also of context, culture, and audience expectation.

Dié teoretiese uitgangspunte is ter sake vir die kwessie van kulturele bemiddeling ingegee deur Small se vertaling van byvoorbeeld die gedig “Nietzsche”, en tweedens by sy hantering van Louw se perspektiewe op kultuur. Dit is van belang dat Small optree as ’n kulturele bemiddelaar met interkulturele kompetensie omdat hy toegang het nie net tot die Suid-Afrikaanse Engelse kulturele omgewing nie, maar ook tot die breë swart Suid-Afrikaanse intellektuele omgewing. Alhoewel Small nie self teoreties oor vertaling of kulturele bemiddeling uitgewei het nie, is dit opvallend dat hy in sy omgang met die Louw-materiaal soms ’n funksionele benadering gevolg het waarin die konteks, die gehoor en die doel van die vertaling, eerder as strenge betroubaarheid ’n rol gespeel het. In die geheel gesien, is Small se invoer van Louw se poësie en selfs aspekte van sy denke in die breër Suid-Afrikaanse “netwerk van visies” sy uiteindelijke doelstelling.

3. “Nietzsche”, die poëtiese Van Wyk Louw en Small

In sy *Cape Times*-rubriek van net oor die 1 000 woorde illustreer Small sy verbondenheid met Louw deur verskillende temas, aspekte of gedigte aan te haal waaruit hy oor die jare geput het of wat hom geïnspireer het. Dit sluit in Louw se poëtiese beskouing oor pyn en die dood, sy geding met God, sy hunkering na sy jeug, sy opvatting oor die onvoltooidheid van die wêreld, sy bekende uitspraak oor verset en sy verskille met H.F. Verwoerd. Small identifiseer hier temas wat telkens in Louw-studies uitgewys is, beginnende met D.J. Opperman se *Digtors van Dertig* (kyk onder meer ook Olivier 1992; Olivier 2010; Voss 2012; die artikels in die bundels van Van Rensburg 1982 en Burger 2006). Onderliggend aan al Louw se werk is, volgens Small, sy grondige “verwerping van bloed” – “deep rejection of blood” – as ’n teken van inherente waarde en sy durende soeke na betekenis. Dit is ’n aanname wat aandring op ondersoek en sal kortliks in die slotbeskouing aangeraak word.

Ter illustrasie van Small se bemiddelingsaksie, maar ook sy beeldskepping van Louw, word sy hantering van die sonnet “Nietzsche” uit *Die halwe kring* (1937) in vertaling bekyk. Die keuse vir die gedig word veral gerig deur Small se uitdruklike keuse om twee uiteenlopende vertaalde weergawes daarvan te publiseer.

Louw se “Nietzsche” lui so:

Jy gaan – jou gees bly oor my soos ’n wolk
op hoë berge, met die sing van magtige winde
om die krans. Met ligte en blinde
oë staar ek uit die duister volk
daar waar die ligskuim van jou baan nog waai.

Jy het jou sterreblydskap soos 'n band
en kroon van vlam rondom my kop laat brand
en my trug na die wondere aarde toe laat draai.
Moet op *my* hoof die las van wete bly?
Net winde en water en die swaar geweld
van daardie gees en roeping roer om my;
maar, is my krans deur stroom en blits geskeur,
luider as oor die leegtes en die veld
fluit die ewige winde van ons wil daardeur.

Februarie 1937

Die leser herken die poëtiese vorm as 'n Italiaanse sonnet met die kensketsing van die “jy”, die tweedepersoon-aangesprokene in die oktaaf, gevolg ná die wending tussen reëls 8 en 9 deur die refleksie en toepassing op die ek-spreker in die laaste ses reëls of die sestet. Die leser word bewus van die treffende byvoeglike naamwoorde: “hoë”, “magtige”, “duister”, “wondere”, “swaar”, “ewige”; die strategiese herhaling van selfstandige naamwoorde in die oktaaf, soos “krans”, “winde” en “gees” in die sestet; die dinamiese metafoor “sterreblydskap” in die oktaaf, en die sentrale metafoor wat verband hou met die aarde in die sestet. Dan is daar die opvallende kontras tussen “berge” in die oktaaf en “die leegtes” en “die veld” in die sestet en die teenstelling “jy”/“jou” en “ek”/“my”) wat uitloop op die assosiatiewe identifiserende “ons” in die slotreël. Wat verder opval, is die ek-spreker wat in die eerste kwatryn “Met ligte en blinde/ oë [...] uit die duister volk staar” en in die laaste tersine “deur stroom en blits geskeur” word. Die “jy” wat aangeroep word, is reeds as interpretasiesleutel in die titel “Nietzsche” aanwesig in die verwysing na die 19de-eeuse Pruisiese wysgeer wat weer regstreeks met die begrip *wil* in die slotreël skakel.

Op 'n volgende vlak van interpretasie sou dié sleutelverwysing verder gepresiseer kon word: Friedrich Nietzsche is bekend vir onder meer sy konsep *der Wille zur Macht*, naamlik dat die mens se basiese dryfveer die wil is om die hoogste sport te bereik, om mag oor die omringende wêreld uit te oefen en dat welbehag die gevolg hiervan is, soos uitgespreek in sy tweede aforisme in *Der AntiChrist* (1888): “What is good? – Whatever augments the feeling of power, the will to power, power itself, in man. What is evil? – Whatever springs from weakness. What is happiness? – The feeling that power increases – that resistance is overcome.” Hierdie wil tot mag omvat ook vir Nietzsche die wil tot waarheid en die mens se begeerte tot die skepping van waardes. Sou ons die wil tot mag verder wou naspur, sou ons die laaste aforisme, aforisme 1067, in *Der Wille zur Macht* (Nietzsche 2011) kon nalees:

And do you know what “the world” is to me? Shall I show it to you in my mirror? This world: a monster of energy, without beginning, without end [...] as force throughout, as a play of forces and waves of forces [...] a sea of forces flowing and rushing together, eternally changing and eternally flooding back with tremendous years of recurrence [...] out of the play of contradictions back to the joy of concord, [...] blessing itself as that which must return eternally, as a becoming that knows no satiety, no disgust, no weariness; this my Dionysian world of the eternally self-creating, the eternally self-destroying, this mystery world of the twofold voluptuous delight, my “beyond good and evil”, without goal, unless the joy of the circle is itself a goal. [...] This world is the will to power – and nothing besides! And you yourselves are also this will to power – and nothing besides!

In hierdie aforisme herken ons die dinamiese kosmologie, die energie en die wording – “the becoming” – die strewende individualiteit, die houding van geestelike aristokrasie wat in Van Wyk Louw se sonnet opgesluit is.

Small beskou Nietzsche as ’n sentrale inspirasie van Louw. In sy voorgraadse studie as filosofiestudent aan die Universiteit van Kaapstad het Small in die lesings van S.I.M. du Plessis met Nietzsche se werk kennis gemaak. Hy is self aangetrek deur die figuur en het ’n magisterstudie getiteld “An enquiry into Nicolai Hartmann’s appreciation of Nietzsche’s axiology” voltooi (kyk Small s.j. [1962]). Small benader dus sy vertaling van Nietzsche in *Oh wide and sad land* met die kennis van ’n kundige, terwyl die filosofiese soeke na waarde (die waardeleer – *axiology* of *worth*) en waarheid, en die uitgesproke spanning tussen die denkende individu teenoor “die duister volk” by Nietzsche en Louw hom aantrek.

Hier volg Small se vertaling van “Nietzsche” in 1975 in *Oh wide and sad land*:

You have gone – your spirit is upon me like a cloud
upon high mountains, like the singing of mighty winds
about the face of rock. I stare with open eyes
yet also blind from the confused crowd
where the foam of light you left behind still blows
Yet let your star-decked joy burn like a band
a crown of fire flaming around my head
and turned me towards the wondrous earth again
Must in my mind this consciousness be made?
Wind, water and a force profound
– your mind and message – now do move in me
But if my being is torn by flood and lightning
clearer than over our wasteland and our veld
the eternal wind of your Will through it is whistling.

Literêre vertaling bly ’n uitdaging. Ricoeur (2004:11), stel die dilemma soos volg: “La poésie offrait en effet la difficulté majeure de l’union inséparable du sens et de la sonorité, du signifié et du signifiant.” [Poësie bied trouens die grootste moeilikheid van die onskeibare eenheid van betekenis en klank, van die be-tekende en die betekenaar.] Die problematiek is ook waar in die geval van “Nietzsche”. Vertaalteoretici onderskei gewoonlik ’n aantal sentrale oorwegings by die vertaling van ’n literêre teks: stem die tema en styl van die teikenteks met dié van die bronteks ooreen, is die verskillende linguïstiese of taalstrukture versoenbaar, kan die oorspronklike taalstrukture in die teikenteks geherkonstrueer word? Is die vertaling ’n getroue weergawe van die oorspronklike teks en is die skrywersintensie vasgevang? Is daar dus semantiese ekwivalensie? (Kyk oor dié kwessies Kolawole en Salawu 2008.)

Te oordeel aan dié vereistes slaag Small in ’n hoë mate daarin om die oppervlakbetekenis van die sonnet vas te vang, alhoewel hy die volheid daarvan nie heeltemal agterhaal nie. Vormlik bly hy getrou aan die basiese verdeling en 14 reëls van die Italiaanse sonnet, maar laat vaar die ritmiese en rymvereistes wat kennelik in die Engels moeiliker haalbaar is, asook die datering. Hy wyk af ten opsigte van die beelding sodat die herhaling van “krans” in die sestet in die vertaling wegval en in sy weergawe met “my being” vertaal word. Daarmee verloor die vertaling die impak en veelduidigheid van die herhaalde “krans”. Die ernstigste

late is Small se verskrywing van “ons wil” in die slotreël na “your Will” waarmee die progressiewe identifikasie in die slotreël – die intrek van die “jy” op die “ek” tot “ons” – totaal verlore gaan.

Kortom: Small gee ’n betreklik getroue vertaling van Louw se oorspronklike sonnet, maar sy poging skiet in sekere opsigte tekort. Tog, in die konteks van Small se uitdruklike doel om kulturele kommunikasie tussen Afrikaans en Engels te bewerkstellig, vervul die vertaling die funksie van transkulturele bemiddeling: die bekendstelling van ’n belangrike Afrikaanse digter aan nie-Afrikaanse lesers; die bekendstelling van “gesofistikeerde denke” aan ’n breër leserspubliek.

In 2016, met sy laaste “Counterpoint”-aflewering, sluit Small ’n nuwe vertaling van dieselfde sonnet in – in sigself ’n klinkende illustrasie dat hy vir ’n betekenisvolle deel van sy volwasse lewe in ’n konstante intellektuele en digterlike wroeging met Louw betrokke was of ’n poging om tot die essensie van die gedig deur te dring. Sy mees onlangse vertaling van “Nietzsche” lui soos volg:

Your spirit passes over me
like a cloud over high mountains,
with the singing of mighty winds
around the rock ...
Your starlit joy you left me
as a legacy – a crown ...
And time and time again
you turn me back
to wonder at our earth,
its waters and its winds.
Your person stays with me,
and cleaves mine with its thunder.
Now I commit us
to this endless veld, with the eternal
whistling through it of the wind.

Ten opsigte van vertaalstrategie onderskei teoretici dikwels tussen die getrouheids- en interpretasieteorieë. Die keuse vir laasgenoemde lei gewoonlik tot herskepping eerder as transkodering of ’n getroue woordelike vertaling. Die vertaler se herskepping berus op ’n omvangryke begrip van die oorspronklike teks en wat in Frans bekend staan as “déverbalisation”, die vermoë om die konteks van die bronteks vas te vang en dan die onderliggende betekenis in die teikenteks oor te dra (kyk hieroor Boisson 2005:488).

In sy “Counterpoint”-weergawe van “Nietzsche” laat vaar Small enige indruk dat hy hoegenaamd vormlik of beeldend getrou aan die oorspronklike sonnet wil bly. Hy konsentreer eerder op wat hy as die wesenlike van die oorspronklike ag. Gegee sy eerste vertaling is sy keuses – sy afwykings – in die 2016-vertaling doelbewus en ingelig. Hier is ’n totale omdigting van die bronteks, ’n afstroop en versobering in die beelding. Die Nietzscheaanse wil as filosofiese konsep het heeltemal vervaag en wat oorbly, is die onstuimige persoonlike met ’n finaliteit – “I commit us/ to this endless veld” – wat nie in die oorspronklike sonnet aanwesig is nie. Waar sy eerste vertaalpoging van Nietzsche ’n illustrasie van die getrouheidsbeginsel in vertaalteorie is, is die tweede ’n klinkende

illustrasie van die interpretasiebeginsel. Soos die magtige winde van die bronteks woed die sin, konteks en persoonlikhede van die digter en die digterlike subjek óm die vertaler om uiteindelik uitdrukking te gee aan dié herskepping – ’n groot mate van betekenisekwivalensie.

Met Small se 2016-vertaling het meer as net ’n vertaling plaasgevind. Hier is ’n geïnternaliseerde weergawe van ’n kultuur en ’n lewe, ’n punt wat Ricœur (2004:55) in verband met die taak van vertalers maak: “Les traducteurs le savent bien: ce sont des textes, non des phrases, non des mots, que veulent traduire nos textes” – dit is die teks, nie die sinne, nie die woorde nie, wat ons tekste probeer vertaal. Vir hom is die taak van die vertaler om nie te beweeg van die sin na die teks na die kultuurgroep nie, maar omgekeerd: om ’n omvattende interpretasie van die gees van ’n kultuur te absorbeer. Die vertaler kom af na die teks, na die sin en na die woord (Ricœur 2004:56). Small se 2016-vertaling word die kondensaat van ’n leeftyd se intellektuele omgang met Nietzsche, maar veral met Louw. In dié opsig word “Nietzsche” ’n weerspieëling van Van Wyk Louw en ’n weergawe van Small se identifikasie met Louw. Die digter word minder Van Wyk Louw en meer Small en die gedig inderdaad minder “Nietzsche” en meer “Van Wyk Louw”. Neem ’n mens in ag dat die sonnet “Nietzsche” in sy kladboekstadium ook “Socrates”, “Plato” en “Shelley” geheet het, is dit duidelik dat bepaalde karaktertrekke – die onstuimige persoonlikheid, kosmiese verwondering, bevraagtekening – in wese die onderbou van die gedig is (kyk Opperman 1953:195). Dit is hierdie karaktertrekke van Louw wat Small in sy laaste gepubliseerde vertaling van “Nietzsche” aantrek. Sy omskepping word ’n konsentrasie van die karaktertrekke wat elders op ander maniere en meer uitgesponne hanteer word. Waar Small se 1975-vertaling as transkulturele bemiddeling gedien het, dien die tweede weergawe as identifisering en persoonlike huldiging van Van Wyk Louw.

4. Van Wyk Louw se kultuurbeskouing volgens Small

Die opskrif van Small se naskrif in sy bundel vertalings is “Towards cultural understanding”. Hier steun hy in hoofsaak op Louw se *Lojale verset* (1939) en *Liberale nasionalisme* (1958), en verwys ook na *Vernuwing in die prosa* (1959) en sy voorwoord in D.P. Botha se *Die opkoms van ons derde stand* (1960). Volgens Small (1975b) is die situasie van probleme met “rasseverhoudings” in Suid-Afrika te wyte aan “kulturele misverstande” wat met “’n sekere mate van opvoeding en verligting” uit die weg geruim kan word. Die wyse waarop kultuur gebruik word om “onoorbrugbare grense rondom mense wat hulle as ’n volk bestempel” te trek, is ’n beperkende faktor wat kulturele begrip voorkom. Hierdie kulturele begrip kan geskep word deur verdraagsaamheid, mededoë, liefde en menslikheid – waardes wat nodig is om “’n veelrassige, veelkleurige en multikulturele Suid-Afrika” (“multi-racial, multi-coloured, multi-cultural South Africa”) en dus “’n aanvaarbare tuiste vir almal tot stand te bring”. Let op Small se gebruik van die begrip *veelrassige Suid-Afrika*. In dié opsig vestig hy die aandag op “die baie helder denke van Van Wyk Louw” en sy “kultuurbeskouing of kultuurfilosofie” wat aanklank sou vind, al was dit onbewustelik, by die sogenaamde verligte Afrikaners van die laat 1960’s en vroeë 1970’s.

Volgens Small (1975b) gee Louw die treë na die ontwikkeling van menslike verhoudings wat dit moontlik maak om in vrede in die land te oorleef. Al is dit net sy weifelende erkenning van andere, wek dit tog die belofte dat “die Afrikaner sal oopmaak en dinge in sy wêreld sal

akkommodeer wat hy voorheen nie durf nie”. Hiervolgens skep Louw die moontlikheid van “’n wegbeweeg van irrasionele vrees na die begrip van kultuur nie as ’n primitiewe gegewe nie” maar as “belewing op ’n meer gesofistikeerde wyse”. Small vind moontlikhede vir dié ontwikkeling in die volgende Louw-uitspraak in die voorwoord tot *Die opkoms van ons derde stand*:

Wel het ek ’n innige begeerte – nee, ’n hartstogtelike *wil* – dat my volk, Blank en Bruin, en die taal wat ons praat, in hierdie land bly voortbestaan. En dit is óns wat bedreig word; ons Swart vriende, glo ek, is van hulle hul eie voortbestaan deeglik versekerd. In ’n wyer verband is ek bekommerd oor álmal wat *menslike* waardes in hierdie land verteenwoordig. (Louw 1986b:623)

Die laaste sin verteenwoordig vir Small ’n belangrike uitbreiding van Louw se denke, naamlik dat hy hom bekommer oor *álmal* en *menslike* waardes (wat Small terloops vertaal met “values of humanity”, dus die waardes van menslikheid eerder as die akkurate vertaling van “humane values”). Small (1975b) het waardering vir Louw se begrip van kultuuruitdrukking wat óópmaak na ander mense eerder as afskerm; kultuur word ’n manier om andere te begryp en met mense van ’n ander kultuur saam te leef; kultuur word ’n basis vir kommunikasie, ’n weg ná hulle. Small interpreteer dié beeld as Louw se manier om te suggereer dat die eie kultuur as “’n kreatiewe invloed ná buite” kan dien. Die aandrang op eksklusiwiteit verhoed vir Small die proses van gekultiveerdheid, want “gekultiveerdheid is ’n kwessie van kommunikasie oor tyd, met die verlede, met die teenwoordige, met dit wat naby is, en dit wat ver is, sodat die eie kultuur vermengd, interrassig en veelrassig is”. Weer eens: let op die gebruik van die begrip *veelrassig* of *multiracial* wat nie te versoen is met die begrip *veelvolkigheid* nie.

Uit die briewe van Louw wat opgeneem is in die essay “Lewe uit ’n tradisie” in *Liberale nasionalisme* abstraher Small (1975b) veral sy kritiese perspektief op ’n verstarde kultuurtradisie, naamlik waar die verlede as ’n statiese, onveranderbare tradisie gesien word (in Louw se woorde: “die gebruike van die verlede vorm ’n kraal waaruit niemand mag toegelaat word om te loop nie”) en weinig self vanuit die hede toegevoeg word (kyk ook Louw 1986a:433 e.v.). Louw maak dit vir Small moontlik om sy argument verder te voer dat die gekultiveerde mens nie *in of op* ’n tradisie leef nie, maar *uit of van* ’n tradisie; in Louw (1986a:437) se woorde:

[E]k kan nie vandag se probleme oplos sonder om gebruik te maak van wat ek gister of ’n week gelede of tien jaar gelede geleer het nie [...] En as ek tien jaar mag terugtas na ’n wysheid – waarom nie twintig nie? [...] Waarom dan nie buite my eie beperkte ervaring tree in die ervaring van ander nie?

Lewe uit ’n tradisie ... dit is leef in ’n bestendige debat met die verlede.

In dié opstel verwys Louw hoofsaaklik na die Europese kultuurtradisie waaruit geput kan word (alhoewel hy elders in *Vernuwing in die prosa* ook na die koppeling met Afrika-tradisies verwys). In hierdie gedeelte van sy nawoord skuif Small (1975b) vir ’n oomblik sy instemmende opsomming van Louw se denke opsy en gaan met hom in gesprek:

And what is the past for South Africa? As far back only as the 17th century? As far back only as the greatness of Europe? What of Africa and what of Asia? Have we

really ever thoroughly explored the past of South Africa? Perhaps we have the richest past in the world. And that is really something for our youth to think and act on – this truly inexhaustible and varied, rich past, which they have to shape in this land, under this sun, to make a future. We have scarcely started to be traditional in South Africa, and this challenge appears to be as exciting as a challenge can ever be.

Die oorspronklike konteks van Small se naskrif slaan hier deur. Dit is aanvanklik in Januarie 1971 as voordrag gelewer by 'n konferensie oor studenteperspektiewe in Suid-Afrika geborg deur die Abe Bailey-instituut aan die Universiteit van Kaapstad (kyk Van der Merwe en Welsh (reds.) 1972). Dit was die eerste keer dat studenteilers van uiteenlopende agtergronde in 'n openbare gesprek betrokke was, insluitende swartbewustheidsleiers soos Steve Biko en Barney Pityana en wit ASB- en Nusas-studenteilers.⁴ By hierdie merkwaardige en seldsame openbare uitwisseling van ideologiese standpunte gebruik Small Van Wyk Louw as die aankondiger van nuwe bestaansmoontlikhede. Hy brei Louw se wekroep vir die soeke na tradisie uit, na Afrika en Asië. Hy vind in Louw aspekte wat hy veralgemenend op almal van toepassing wil maak: eerstens, teen isolasie, teen die wanopvatting dat tradisie isolasie beteken, en tweedens, ten gunste van kulturele verbondenheid met ander. Small verswyg voor hierdie diverse gehoor nie Louw se Afrikanerskap nie, maar voeg waarskynlik ter wille van balans by dat sy “eie mense” hom dikwels geopponeer het. In 'n oproep wat klink asof dit gerig is op die meer militante swart studenteilers, moedig Small (1975b) sy gehoor aan om oor die grense van antagonisme te kyk:

However critical we may be of men, however bitter about them, we ourselves are and remain men, prone to similar fallacies. It is logically impossible to deny solidarity of oneself even with men who make life unpleasant for one [...] [However] Cultural responsibility demands that not only *we* are our concern, but also *they*. Culture attempts to connect men with men in amity.

Small (1975b) sluit sy opstel oor Louw se opvatting van kultuur af met frases wat vandag verbind word met die Afrika-humanistiese konsep van *ubuntu*: “[The challenge for the future] can be taken up sensibly only if the central meaning of Van Wyk Louw’s concept of culture is clearly recognized, and committedly accepted – namely, that *my culture opens the way for me to the other*, that culture is a mould and a movement of and towards understanding” en in sy slotsin, die sprekende frase “through other people”: “The only way to any worthwhile identity for oneself is *through other people*.” Die idee van mededoë met jou ewenaaste en die goue reël van doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê, is 'n wydverspreide wêreldverskynsel, tog herinner dié presiese formulering aan die algemeen-aanvaarde vertaling van die *ubuntu*-spreuk: “*motho ke motho ka batho babang of umuntu ngumuntu ngabantu*”, dus waar menslikheid nie slegs in die self berus nie, maar dit in verhouding met ánder mense verwerf word. Hoe die swartbewustheidsleiers wat bekend was met die *ubuntu*-begrip dié erkenning van 'n gedeelde waarde ervaar het, is nie op rekord nie, maar Small meen dat hulle tog by Louw “aanklank” gevind het.

Jare later verduidelik Small (1977a:10) sy redes vir sy gebruik van Louw se kultuurbeskouing voor dié studentegehoor soos volg:

Ek het probeer bewys dat Van Wyk Louw se begrip een is in terme waarvan al ons mense – en ons jongmense – in die land, mekaar kan ontmoet. Ek het probeer sê dat dit 'n siening van kultuur is wat die onderlinge vervreemding van mekaar kan

besweer: Die weg-beweeg van mekaar af in die land, die koue afstande tussen die kleure ... [...] Wat ek wil sê (dis vir my so belangrik) is dat Van Wyk Louw – die Van Wyk Louw waaroor ek dit daardie dag gehad het – by Biko aanklank gevind het. En hoekom nie? Swartbewustheid is tog 'n beklemtoning van die inheemse [...] worsteling met jou probleme – probleme van die land en met jouself as die mens wat kwansuis nie wit is nie.

Dis die inheemse wat beklemtoon word in Biko se denke. En dis die inheemse wat beklemtoon word deur Van Wyk Louw.

Dit is nie die eerste keer dat Small Louw *indink* in 'n tydgenootlike politieke situasie nie. In 'n latere koerantartikel voer Small die kwessie van kulturele kommunikasie verder na dié van kulturele bevryding. Hy beweer dat Europese kolonialisme inheemse Afrika-waardes vertrap eerder as 'n belangstelling toon in 'n werklike kulturele ontmoeting tussen Afrika-waardes en Europese waardes. Hy verwys goedkeurend na die humanisme van die Senegalese digter-politikus Léopold Sédar Senghor wat hy bestempel as “'n vermenging van die rede en 'positiewe' (eerder as sentimentele) emosie”. Senghor voer, volgens Small (1978:6), aan “dat politieke bevryding nie sonder kulturele bevryding moontlik is nie” – 'n standpunt wat Louw ook sou gehuldig het en hy voeg by: “After all, the Afrikaner also, is African.”

Waar Louw, hoofsaaklik vanweë sy taalkeuse en sy konsentrasie op Afrikaneridentiteit, betreklik onbekend bly in die breë Suid-Afrikaanse intellektuele gemeenskap is, is dit Small se kulturele bemiddeling wat hom aan nie-Afrikaanssprekendes bekend stel. Maar daar is ook momente waar Small aspekte van Louw onderbeklemtoon of gewoon verswyg. Die “politieke Louw” vertoon volgens Small (1975b) “the same hesitancy as Afrikanerdom at large”. Wat bedoel hy daarmee? Hy brei nie veel daarop uit nie. In 'n teks wat Small meestal goedkeurend aanhaal, naamlik Louw se voorwoord tot *Die opkoms van ons derde stand*, rig hy (Louw) onder meer “enkele dringende woorde” aan “ons Swart landgenote”, onder meer dat die verbintenis tussen wit en bruin wat hy voorstaan, nie gesien moet word “as dat ons julle wegstamp nie, of vir ons sterkmaak teen julle nie, maar alleen dat ons vir twee soorte mense 'n plek wil regmaak in twee helftes van hierdie groot land van ons”, en voeg by: “Julle geluk lê in 'n eie vrye lewe in één deel van hierdie land – nié in baaspeel oor ander groepe in 'n onverdeelde land nie” (Louw 1986b:625). Small haal nié die gedeelte aan nie. Wat Louw hier voorstaan, is etniese volksvorming of -skepping én apartheid: nie noodwendig gemanifesteer as klassieke apartheid in die Verwoerdiaanse sin van afsonderlike tuislande nie, maar as breedopgesette gebiedskeiding met “wit- en bruinmense” in een gebied en “swartmense” in 'n tweede.⁵

Small (1975b) onderbeklemtoon in sy naskrif “die politieke Louw” waarskynlik omdat sy standpunt indruis teen 'n vertrekpunt wat vir hom (Small) wesenlik aan die aard en wese van Suid-Afrika as eenheidstaat is. Die 1970's, dit wil sê die tyd waartydens Small Louw se gedigte vertaal, val saam met sy Black Consciousness-periode. Die naskrif is, soos reeds aangedui, 'n herdruk van 'n voordrag wat voor onder meer swartbewustheidsleiers gelewer is. In 1971 publiseer hy die opstel “Blackness and Nihilism” en in 1975 publiseer hy 'n bundel van 50 kwatryne, getiteld *Black bronze beautiful*, beide tekste wat swartbewustheid as kernwaarde omarm, dit wil sê die verbintenis van alle mense wat as niewit gekategoriseer is: “I include under this term people of all shades of colour who are not considered by the laws and the people of this country to be White: Blacks, browns, yellows, what have you” (Small

1971). Uit Small se eietydse swartbewustheidsaktivisme beteken dit 'n verenigde, demokratiese en apartheidsvrye staat.

Louw vind kennelik hierdie konsep van Suid-Afrika minder aantreklik. Trouens, in 'n toespraak voor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1963 het hy met stelligheid politieke apartheidsortodoksie verklaar: “Ons is nie 'n veelrassige volk nie, maar 'n *veelvolkige*, multi-nasionale gemeenskap soos Europa: baie nasies binne een gemeenskap!” (Louw 1986b:510). Small verwerp dié politieke idee met woord en daad. Hy gebruik telkens doelbewus die woord *multiracial* (veelrassig) in sy naskrif, maar onderbeklemtoon (verwring miskien selfs strategies) sy verskil met Louw ter wille van die bekendstelling van dié se uitreikende kulturbegrip aan 'n hoofsaaklik anti-apartheidsgehoor. Gedagtig aan die perspektiewe van Sturge (2007:7) en Bassnett (2011:105) hier bo, kan ons sê daar vind in die loop van Small se kulturele bemiddeling in sy naskrif 'n mate van herkonstruering en aanpassing van Louw plaas.

'n Mens mag natuurlik nie nalaat om ter wille van balans by te voeg dat Louw ten spyte van sy stelligheid oor “veelvolkigheid” elders die saak van 'n omvattende beeld van Suid-Afrika met groter omsigtigheid formuleer nie, al bly dit wesenlik beperk tot volk-etniese opvattinge. Twee jaar vroeër, in 'n 1961-toespraak wat in sy postume *Deurskouende verband* (1977) opgeneem is, wys hy ook veelrassigheid af, maar laat hom tog uit oor die moontlikhede van “'n Suid-Afrikaanse volkskarakter” wat sy volk kan nastreef:

Ons kan geen ander mens of volk begryp as ons hom nie ten minste 'n *bietjie* liefhet nie; en hoe sal ons liefhê as ons liefdeloos praat?

Ons moet leer billik oordeel en versigtig praat selfs oor dié wat die verste van ons staan – selfs oor dié vir wie ons dalk die meeste vrees.

En hierdie manier van praat moet só deel van ons denkwysse en gevoelslewe word, dat dit later deel van ons eie karakter is.

Dán sal daar 'n ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse volkskarakter wees. (Louw 1986b:399)

5. “Afrikaans is deur hierdie land gevorm en ómgevorm”

Small het hom oor die jare dikwels op Louw beroep wanneer hy Afrikaans as sonderlinge bate wou beklemtoon. In verskeie uitsprake, soos in die vierde N.P. Van Wyk Louw-gedenklesing in 1977 aan die Universiteit Stellenbosch, is sy interpretasie gerig op die moontlikhede van kommunikasie tussen Afrikaanse taalgenote en die bereiking van groter menslikheid oor die kleurgrens heen. Afrikaans is vir hom “'n taal wat hy aan moedersknies geleer het en nie ‘soos ou klere van kan afsien nie’”. Hy deel Louw se siening dat taal “die ‘bedding’ van alle tradisies” is en as instrument vir vrye meningswisseling noodsaaklik is. Soos Louw in *Swaarte- en ligpunte* (1958) sien hy Afrikaans as gedeelde kultuurgoed: “Nóg ek nóg u kan verander aan die feit dat ons saam gevorm het aan Afrikaans – en dat Afrikaans ons weer tesaam gevorm het. [Ek sien myself] as mens wat Afrikaans praat – 'n mens van Afrika” (Anon. 1977b:7; kyk ook Louw 1986a:246–7). Louw (1986b:181) se insigte en

waarnemings is welbekend en Small trek peil op 'n uitspraak soos dié in *Vernuwing in die prosa* (1961):

Afrikaans is 'n brug tussen die groot helder Weste en die magiese Afrika – die soms nog so ónhelder Afrika; hulle is albei groot magte, en wat daar groots aan hulle vereniging kan ontspruit – dit is miskien wat vir Afrikaans voorlê om te ontdek [...] Afrikaans is in belangrike opsigte *deur* hierdie land gevorm en ómgevorm.

Die Afrika-oorspronge en die Afrikaanse segging is vir Louw ingebed in die landskap. In *Vernuwing in die prosa* sê hy (Louw 1986b:182) voorts: “Maar wat ons nooit moet vergeet nie, is dat hierdie verandering van land en landskap [vir die Nederlandse aankomelinge] as 't ware aan die nuwe wordende taal, *geslyp*, *geknee*, gebrei het; nuwe woorde, nuwe voorstellings en nuwe beelde laat ontstaan het.” Asof in direkte gesprek met Louw sluit Small aan by hierdie gedagte en bespreek die woord “apartheid”. Soos Louw verwerp hy “apartheid tussen taalgenote” en vra watter “kultuurgrond daar tog vir so 'n apartheid kan wees” (Anon. 1977b:7; Anon. 1977a:11). Small se uitspraak oor die begrip is striemend: “[Die] blote woord apartheid het onmeetlike skade aan die land en as woord aan die Afrikaanse taal gedoen. [...] [D]it is tragies dat so 'n woord ooit bedink moes word, maar veral dat dit in Afrikaans – as taal van Afrika – gestalte moes vind” (Anon. 1977b:7). Die volgende aanhaling gee 'n aanduiding van hoe persoonlik Small die woord en sy konnotasies afwys: “Daar is woede in my oor dié woord, apartheid, omdat dit my taal, as my naelstring tot Afrika verswak. Boonop het ek as deel van die betekenis van die woord geen deel gehad aan besluite oor die woord en sy politiek nie” (Anon. 1977b:7).

Louw se beskouing oor die band tussen die taal en sy inbedding lei hom om te verklaar dat in die Afrikaanse letterkunde 'n beeld van die universele raak te sien is. Afrikaans staan volgens hom onvervangbaar sterk teenoor Suid-Afrikaanse Engels, want dit is nie 'n taal van die plaaslike alleen nie, maar ook 'n taal van die universele in die mens: “'n egte digter beeld ook die *abstrakte*, die *algemene*, die *gewoon-menslike* met woordbeelde uit; en sy beelding kan eg wees alleen waar dit op eie ervaring en sién berus, nie op gelese literatuur nie” (Louw 1986b: 182–3).

In sy leeftyd het Louw hom bevind in omstandighede waar gestry is om die vestiging en veredeling van Afrikaans in die 1920's en 1930's, 'n periode van Afrikaner politieke selfvoldaanheid in die 1950's met 'n hegemonie wat in die 1960's uitgekring het na alle vlakke van die samelewing. Hier teen die begin van die 21ste eeu lyk die kultuur- en politieke situasie in Suid-Afrika egter totaal anders as in sy leeftyd. Die meerderheidsregering waarteen hy hom onder meer in *Liberale nasionalisme* (1958) uitgespreek het, het tot stand gekom. Vandag speel Afrikaner- of Afrikaanse nasionalisme 'n mindere rol in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die posisie van Afrikaans as openbare en onderrigtaal is sedertdien erg aangetas. Reeds in sy leeftyd moes Louw hom uitspreek oor die band tussen Afrikaans en Afrikanernasionalisme, veral téén diegene wat sins insiens soos die Engelse en Nederlanders geen taalliefde geopenbaar het nie. In *Deurskouende verband* skryf hy: “[O]ns het ook maar [...] ons eie nasionale bestaan en *reg op eie taal in eie land* as vanselfsprekend aanvaar, en ons was verras dat ons landgenote in Suid-Afrika dit nié so wou aanvaar nie, dat dié gemeen het dat ons maar afstand kon doen van regte wat hulle self nooit ofte nimmer sal afstaan nie” (Louw 1986b:345).

Gesien Louw se noue verbintenis met Afrikaans, is dit te verwagte dat sy beskouings ook in die huidige debatte oor die behoud en bevordering van die taal te berde gebring sou word.⁶ Tydens woelinge rondom Afrikaansmedium-onderdig by die Universiteit Stellenbosch bedank Small die rektor en raad vir die aanpassings wat hulle gemaak het. Volgens 'n berig in *Die Burger* het hy die bestuur gelukkig met hul pogings om die instelling minder eksklusief te maak. Die besluit om Engels as onderrigtaal uit te brei, dui volgens Small (in Els 2015) nie op “uitverkoping van die taal” nie, maar eerder op die “bevordering van Afrikaans” en hy voeg by dat Van Wyk Louw geen probleem met hulle benadering in die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks sou gehad het nie. “Louw se standpunt was altyd dat mense uit hul ‘kleinburgerlikheid’ behoort te klim en 'n breër wêreld van intellek (en, weliswaar, liefde) moet aanneem.”

In reaksie hierop skryf Louw se seun, Peter, verontwaardig dat in die lig van sy pa se “lewenslange en intense betrokkenheid by die Afrikaanse taal en letterkunde [...] hy bitter omgekrap sou gewees het oor wat tans by die US gebeur” (Louw 2015). Hy meen dat sy pa hom heel tuis sou gevoel het by hedendaagse “taalverdedigers” en dat hy “sy humeur [kon] verloor as Afrikaans geminag is en sou hy obsessief daarvoor geraak het” (Louw 2015). Om Louw ín te lees in 'n situasie wat so drasties van sy eie of enige ander tydperk voorheen in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskil, is uiteraard waagmoedig. Dit is egter hoogstens van terloopse belang om hieroor te spekuleer, omdat Louw self uiteraard nie tot die debat kan toetree nie.

Wat wel in die episode ter sake is, is dat Small hier bemiddelend met Louw omgaan. Louw word kultureel vertaal vir 'n nuwe situasie. Small wend Louw as gesaghebbende aan ter ondersteuning van sy standpunt. Dit is 'n geabstraheerde beeld van 'n plaaslike intellektueel wat oor 'n leeftyd opgebou is, en wat Small soms – soos in sy nawoord tot *Oh wide and sad land* – losgedink het van sy politieke verankertheid, sy “foute” soos hy dit tydens die Sestigberaad genoem het. Die beeld van Louw wat Small hier voorhou, is dié van gesaghebbendheid en van 'n verbondenheid tot redelike intellektualiteit wat selfs sy (Louw se) eie diepgewortelde volksetniese bewustheid in gedrang sou bring.

6. Ten slotte: kulturele bemiddeling en “ons soort mens”

Vanaf sy vroeë twintigerjare tot sy dood het Adam Small in verskeie geskryfte en uitsprake sy bewondering vir Van Wyk Louw uitgespreek. Van die uitsprake sou as oordrewe beskou kon word, soos dié oor Louw se plek tussen “woordkunstenaars so ver terug as die Oudheid” of sy plek tussen uitgelese hervormers. Grondverleggende denkers, skrywers of hervormers is ook nie beperk tot figure uit die Westerse intellektuele tradisie nie. Louw is onteenseglik 'n belangrike Suid-Afrikaanse denker en digter, maar om teen dié agtergrond kategoriese oordele te vel, is gewoon onverstandig. Trouens, dit gaan in teen die grein van Small, wat altyd met nuanse met uitsprake omgegaan het (kyk Small 2015b). Sy gunstige oordeel word beïnvloed deur sy belangstelling in die filosofie, veral omdat Louw, soos hy, Nietzsche en sy uitgangspunte soos sy geestelike aristokrasie, intellektualiteit, voortdurende waardeskepping en die beklemtoning van die gees bó materialiteit hoog aanslaan. Die soort mens wat Small uit sy omgang met Louw abstraheer, is 'n mens van die intellek wat hom bo die waardes van die massa bevind. Hiervan is sy filosofiese waardering van Nietzsche en sy poëtiese identifikasie met Louw sprekende voorbeelde.

In sy bundeling van belangrike Louw-gedigte en sy nawoord tot *Oh wide and sad land* stel Small (1975b) die Afrikaner-denker aan 'n breë nie-Afrikaanse, hoofsaaklik Engelse leserspubliek bekend. In die proses van bemiddeling skep hy 'n beeld van Louw waarin hy sy uitsprake oor uitreiking voorop stel: “[D]it is die verbreking van isolasie, en die gedagte dat die ‘gekultiveerde mens’ in, uit of van ’n tradisie en in ’n bestendige debat met die verlede leef.” Small haal hoofsaaklik uit Louw se *Lojale verset* en *Liberale nasionalisme* aan. Beide tekste is wesenlik gerig op Louw se sentrale bekommernis oor die voortbestaan van sy volk, en dus in wese Afrikanersentrië. Small (1975b) herkonstrueer en herinterpreteer in sy nawoord Louw se Afrikanersentrisme vir ’n nuwe konteks. Wat Small se rol as kulturele bemiddelaar hier merkwaardig maak, is dat hy wesenlik as liberale denker wat individualisties ingestel is, Louw se nasionalistiese uitgangspunte omskakel vir hierdie konteks. Hy ontken nie Louw se politieke weifeling nie, maar hy onderbekteltoon wel bepaalde ongemaklike aspekte, soos sy uitgesproke voorkeur vir gebiedskeiding tussen “wit- en bruinmense” enersyds en “swartmense” andersyds. Voorts maak hy subtile terminologiese aanpassings, soos sy gebruik van die woord *veelrassig*, terwyl dit korrekter sou gewees het om konsekwent Louw se woord *veelvolkig* te gebruik. Hy brei Louw selfs uit deurdat hy begripsformulering invoer wat ooreenkom met ’n Afrika-humanistiese begrip soos *ubuntu*.

Die voorwoord tot D.P. Botha se *Die opkoms van ons derde stand* beklee ’n belangrike plek in Small se identifisering met Louw en sy uitgebreide volksbegrip. Dit lei ook tot sy latere uitspraak ten opsigte van Louw se “deep rejection of blood” (Small 2016:6). Dit is te betwyfel of Louw van meet af aan hierdie breër begrip geopenbaar het. As Afrikanernasionalis was Louw se deurlopende verbintenis tot die voortbestaan van sy volk, wat aanvanklik in beperkter wit Afrikanersentriëse terme verwoord is. Met die verskyning van *Lojale verset* (1939) en *Die dieper reg* (1938) het Louw nog sterk onder die invloed van die nasionaal-sosialisme gestaan (Steyn 1998a:250). In laasgenoemde skryf hy in die aantekeninge tot sy koorspel dat “die Trekkers [...] hul reg [eis] om die daad self waarmee hulle die geloof aan hul bloedbesef se waarde betuig het; en hulle vermoed dat ook daardie bloedbesef die uiting van die wil van God is. Betekenisvol is dit die Vrou-figuur wat dié verse uiter” (Louw 1938:33):

[...]
en in my kring van liefde, blydschap, hoop
en baie pyn, bestaan ’n volk onsterflik
solank hy daardie bloed wil suiwer hou
bo wins en ydel woorde en medely
[...]
en daardeur sal ek leef, onsterflik
in die wit land van die son
en wind-deurwaaide hooglig
Afrika.

Hier het ons die koppeling van die geïkoneerde beeld van die vrou as beskermster van suiwerheid, die nasionaal-sosialistiese beskouing van rassesuiwerheid en ’n opkomende Afrikanervolksnasionalisme met die onhoudbaarheid van ’n wit land in Afrika. Objektief gesproke is dié uitgangspunte nie te versoen met Small se gulhartige aanname van Louw se “deep rejection of blood” nie (kyk Small 1977b:12 se kritiese standpunt oor dié soort bloedsuiwerheidsidees).

Dit is die latere Louw, die Louw van *Die opkoms van ons derde stand*, wat vir Small die moontlikhede van voortbestaan te midde van die hoogbloei van apartheid bied. Hy is nie onbewus van Louw se (hier: onbenoemde) foute nie. Hy het reeds tydens die 1973-Sestigerberaad gesê: “Ons moet [Van Wyk Louw] lees; ons moet die man meer lees – as iemand uit wie se foute selfs ons kan leer [...] [D]eur Sestig, en anderkant Sestig, is die man vir ons ’n riglyn, en kan hy vir ons dit wees, ondanks al sy gebreke as skrywer en denker ook” (Small 1973:145). Dit is hierdie Louw op wie Small so goedgegunstig reageer: “Hier is die één gees, dink ek, wat vir my, al is dit miskien kol-kol, plek-plek, nie meer ‘Wit’ is in ons letterkunde nie, maar Afrikaans; miskien selfs ondanks homself, nie meer bo alles Afrikaner nie, maar Afrikaans” (Small 1973:147).

Dit is hierdie Louw wat Small in die laaste strofes van “Klawerjas” aanspreek – bevestigend van die wesenselemente wat hy hoog ag: terug na Nietzsche se waarheidsoeke, die taak van gewete, die aristokrasie van die kuns. Steeds in sy rol as bemiddelaar herformuleer hy Louw se begrip *ons bloed* in dié gedig na een van assosiasie wat oor die kleurgrens strek en woordkunstenaars verbind:

Ten minste het ons wóorde, jy en ek, wat
aftas teen die mure van ons donker kamers
van Bestaan, al-soekend na die deure, openinge
tot die lig. Sóveel moet ons doen, is “ons soort
mens” se plig en, dieper, ons ongedwonge
waarheidsoeke – dis ons ewige kaartspel sonder
dat ons weet watter uitkoms ons sal bind: dit alles
soos jy sê, is die “taak van ons gewete – die
gewete wat hom gedurig tussen weerskante
se onaanvaarbaarhede bevind”.

Ons moet dus, met ál ons eerlikheid, ons spel
hier tussen hemel en hel blý speel, óóp soos jy
sê, net aan ons bloed getrou. Ons moet die kaarte
maar nougeset blý skommel, teen mekaar
blý meet en pas, en blý aan hoop.

Erkenning

Hierdie is ’n hersiene weergawe van die 2016 N.P. Van Wyk Louw-gedenklesing wat op Donderdag 8 September 2016 by die Universiteit van Johannesburg voorgedra is. Ek bedank graag die Departement Afrikaans, en met name Karen de Wet en Marné Pienaar, vir hul uitnodiging en ondersteuning. Ek bedank ook graag Rosalie Small wat eksemplare van sowel die oorspronklike kopie as die *Cape Times*-artikel “In a category all of its own” aan my gestuur het, asook die anonieme keurders wat gewaardeerde kommentaar op die oorspronklike manuskrip gelewer het.

Bibliografie

- Anoniem. 1977a. Apartheid verswak Afrikaans. *Die Burger*, 28 Julie, bl. 11.
- . 1977b. Kontak oor kleurgrens noodsaaklik – Small. *Die Transvaler*, 28 Julie, bl. 7.
- Attwell, D. en D. Attridge (reds.). 2012. *The Cambridge history of South African literature*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bassnett, S. 2011. The translator as cross-cultural mediator. In Malmkjær en Windle (reds.) 2011. DOI: 10.1093/oxfordhb/9780199239306.013.0008
- Boisson, C. 2005. La forme logique et les processus de déverbalisation et de reverbération en traduction. *Meta: journal des traducteurs / Meta: Translators' Journal*, 50(2):488–94. <http://www.erudit.org/revue/meta/2005/v50/n2/010995ar.pdf> DOI: 10.7202/010995ar (1 Julie 2016 geraadpleeg).
- Burger, W. (red.). 2006. *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: Lapa.
- Culture pour tous. s.j. Cultural mediation. *Culture pour tous*. <http://www.culturepourtous.ca/en> (19 Julie 2017 geraadpleeg).
- Els, R. 2015. Small wens rektor geluk oor taalbesluit. *Die Burger*, 25 November, bl. 11.
- Kolawole, S.O. en A. Salawu. 2008. The literary translator and the concept of fidelity: Kirkup's translation of Camara Laye's *L'Enfant noir* as a case study. *Translation Journal*, 12(4). <http://translationjournal.net/journal/46lit.htm> (14 Augustus 2016 geraadpleeg).
- La Vita, M. 2016. Video: Adam Small lees 1 van sy eie gedigte. [netwerk24.com](http://www.netwerk24.com). 25 Jun. <http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/ooop-kaarte-terug-uit-die-stilte-20160625-2> (25 Augustus 2016 geraadpleeg).
- Louw, N.P. Van Wyk. 1938. *Die dieper reg. 'n spel van die oordeel oor 'n volk*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel
- . 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg / Human & Rousseau.
- . 1986a. *Versamelde prosa 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1986b. *Versamelde prosa 2*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Louw, P. 2015. Afrikaans-minagting het Louw vererg. *Die Burger*, 30 November, bl. 8.
- Malmkjær, K. en K. Windle (reds.). 2011. *The Oxford handbook of translation studies*. www.oxfordhandbooks.com. 95–107. (1 Julie 2016 geraadpleeg).
- Nietzsche, F.W. 1924. *The Antichrist*. Vertaal deur H.L. Mencken. New York: Alfred A. Knopf.

- . 2011. *The will to power*. 7 Maart. https://archive.org/stream/TheWillToPower-Nietzsche/will_to_power-nietzsche_djvu.txt (1 Augustus 2016 geraadpleeg).
- Olivier, G. 1992. *N.P. Van Wyk Louw: Literatuur, filosofie, politiek*. Kaapstad, Johannesburg: Human & Rousseau.
- . 2010. “Loyal resistance”: N.P. Van Wyk Louw (1906–1970) and the intellectual. *Social Dynamics*, 36(1):201–13.
- Opperman, D.J. 1953. *Digters van Dertig*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Polley, J. 1973. *Verslag van die simposium oor die Sestigters gehou deur die Departement Buitemuurse Studies van die Universiteit van Kaapstad 12–16 Februarie 1973*. Kaapstad, Pretoria: Human & Rousseau.
- Ricœur, Paul. 2004. *Sur la traduction*. Paris: Bayard.
- Salie, A. 2016. Adam Small gave *Cape Times* his best and last. *Cape Times*. 27 Junie, bl. 6.
- Small, A. s.j. [1961]. *Die eerste steen?* Kaapstad, Pretoria: HAUM.
- . s.j. [1962]. An enquiry into Nicolai Hartmann’s appreciation of Nietzsche’s axiology. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Kaapstad.
- . 1971. Blackness and Nihilism. Manuskrip in privaatbesit.
- . 1973. Krisis van ’n swart Sestiger. In Polley (red.) 1973.
- . 1975a. Introduction. In Small (samest.) 1975.
- . 1975b. Postscript. In Small (samest.) 1975.
- . 1977a. Hy was ewe min “anti-wit” as ek. *Die Vaderland*, 28 September, bl. 10.
- . 1977b. “Suiwer” bloed praat nog in 1977. *Die Vaderland*, 14 Oktober, bl. 12.
- . 1978. Get him here! *Weekend Argus*, 2 Desember, bl. 6.
- . 2013. *Klawerjas. Gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2015a. Mý Afrikaans op 90. *netwerk24.com. Rapport*. 17 Mei. <http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/M-Afrikaans-op-90-20150517> (25 Augustus 2016 geraadpleeg).
- . 2015b. A lump in my throat called G.J. Gerwel. *Cape Times*. 17 September. <http://www.iol.co.za/capetimes/a-lump-in-my-throat-called-gj-gerwel-1917797> (6 Augustus 2016 geraadpleeg).
- . 2016. In a category all of its own. *Cape Times*. 1 Julie, bl. 6.

Small, A. (samest.). 1975. *Oh wide and sad land. Afrikaans poetry of N.P. Van Wyk Louw in English translation by Adam Small*. Adam Small. Kaapstad: Maskew Miller.

Steyn, J.C. 1998a. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal*. Deel I. Kaapstad: Tafelberg.

—. 1998b. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal*. Deel II. Kaapstad: Tafelberg.

Sturge, K. 2007. *Representing others: translation, ethnography and museum*. Londen, New York: Routledge.

Van der Merwe, H.W. en D. Welsh (reds.). 1972. *Student perspectives on South Africa*. Cape Town: David Philip.

Van Rensburg, F.I.J. (red.). 1982. *Oopgelate kring. N.P. Van Wyk Louw-gedenklesings 1–11*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.

Voss, T. 2012. Refracted modernisms: Roy Campbell, Herbert Dhlomo, N.P. Van Wyk Louw. In Attwell en Attridge (reds.) 2012.

Wilson, R. 2011. Cultural mediation through translingual narrative. *Target*, 23(2):235–50. DOI 10.1075/target.23.2.05wil (5 Augustus 2016 geraadpleeg).

Zeit für Vermittlung. s.j. *Zeit für Vermittlung*. http://www.kultur-vermittlung.ch/zeit-fuer-vermittlung/download/pdf-d/ZfV_1.pdf (19 Julie 2017 geraadpleeg).

Eindnotas

¹ Tensy anders vermeld, is alle beklemtoning in aanhalings in hierdie artikel die betrokke skrywers se oorspronklike kursivering.

² Small verklaar sy keuse vir die vertalings in die voorwoord tot *Oh wide and sad land* op grond van die “grootse wat Afrikaans reeds bereik het”, die “grootse poësie” en die “genialiteit van Louw”, “die edelste gees van Afrikaans”.

³ Tensy anders vermeld, is ek verantwoordelik vir alle vertalings uit die oorspronklike.

⁴ ASB is die afkorting vir die Afrikaanse Studentebond en Nusas staan vir National Union of South African Students.

⁵ Die spelling en gebruik van “witmense”, “bruinmense” en “swartmense” word ontleen aan Small en Louw se gebruik in hul tydgenootlike opstelle.

⁶ Een van die keurders van hierdie artikel wys na aanleiding van Olivier (2010) daarop dat die “kompleksiteit en gelaagdheid van [Van Wyk Louw] se denke, en miskien veral sy aandrag op die oop gesprek en op die feit dat ons die wysheid nooit volkome in pag kry nie, beteken dat sy werk redelik oop is vir allerlei vorme van bemiddeling en selfs toe-eiening.”